

DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 13

[GEMEENTE] FUNKSIE EN VORM IN DIE GEMEENTE

Wat is die verskil tussen funksie en vorm in die christelike gemeenskap (die Gemeente of Kerk)? Dieselfde funksie kan 'n verskeidenheid van vorme hê wat bydra tot die groot verskeidenheid in die een Liggaam van Christus.

1. Funksie en verskeidenheid.

Hoe behoort die wêreldwye Gemeente en die plaaslike gemeentes te funksioneer?

(1) Christene behoort verskeidenheid te aanvaar.

Lees Romeine 12:4-8; 1 Korintiërs 12:4-7,18,28.

Aantekeninge. Hoewel daar maar één Liggaam van Christus (één wêreldwye christelike Gemeente of Kerk) is, bestaan dit uit baie verskillende lede en verskillende plaaslike gemeentes.

• **Verskillende agtergronde.**

Die verskeidenheid in die een Liggaam van Christus kom enersyds deurdat die lede uit verskillende lande, volke, stamme, tale en kulture voortkom (Openbaring 5:9).

• **Verskillende genadegawes (geestesgawes).**

Die verskeidenheid in die een Liggaam van Christus kom andersyds deurdat die lede verskillende genadegawes (geestesgawes) ontvang het.

• **Verskillende take.**

Die verskeidenheid in die een Liggaam van Christus kom ook deurdat die lede tot 'n groot verskeidenheid van bediening (take) geroep word (Markus 13:34). Sommige het gewone take soos evangelisasie en dissipelmaking (1 Korintiërs 3:5), sommige het besondere take soos groot dinge in geloof verrig of mense genees (1 Korintiërs 12:9) en andere het offisiële of amptelike take soos die van 'n apostel, profeet of leraar (1 Korintiërs 12:28).

• **Verskillende plekke.**

Die verskeidenheid kan ook te make hê met 'n bediening wat 'n christen in 'n plaaslike gemeente, in die wêreldwye Gemeente (1 Korintiërs 12:18) of in die gemeenskap uitvoer.

(2) Die nadele van uniformiteit (eenvormigheid) en voordele van verskeidenheid.

• **Die nadele van uniformiteit.**

Uniformiteit lei tot gapings in die bediening en onvolledige gemeentes. As elkeen 'n leraar wil wees, wie sal dan die leerlinge wees? As elkeen 'n leier wil wees, waar is die volgelinge? Wie gaan dan aandag gee aan barmhartigheid, aan bemoediging, aan diens en hulp?

Uniformiteit lei tot onenigheid. Baie Christene kan dan geen ruimte vind om hulle genadegawes of taak uit te voer nie. Sosiale eenvormigheid lei tot diskriminasie en onderdrukking en uitsluiting van byvoorbeeld die armes en ongeletterdes (Jakobus 2:1-10). Rasse eenvormigheid lei tot rasse-diskriminasie (Handelinge 10:9-16,28,34-35). Kulturele eenvormigheid lei tot die uitsluiting van mense met 'n ander taal en kultuur, en meestal tot die handhawing van sondige kulturele patrone wat voortkom uit die kultuur waaruit hulle kom, byvoorbeeld, outoritêre leierskap instel en handhaaf, eis dat volwasse kinders hul ouers moet gehoorsaam of eis dat gemeentelede die voorganger van die gemeente onvoorwaardelike moet gehoorsaamheid, of gesonde Bybelse onderrig vervang met kulturele tradisies (Markus 7:15-13).

• **Die voordele van verskeidenheid.**

Die kenmerke van 'n egte Bybelse Gemeente is nie uniformiteit nie, maar verskeidenheid (1 Korintiërs 12:14-20). Geestelike verskeidenheid lei tot egte eenheid, omdat die diens van elke Christen noodsaaklik is en elke Christen die diens van die ander Christene nodig het (1 Petrus 4:10-11). Sosiale verskeidenheid gee geleentheid aan mense om hulle besittings met arm mense te deel (Jakobus 2:5). Rasseverskeidenheid in 'n land of in 'n gemeente maak sendingwerk onder ander volke moontlik (Handelinge 8:27-31; Handelinge 10:24-28,34-35). Kulturele verskeidenheid maak die demonstrasie van eenheid in die Liggaam van Christus wenslik (1 Korintiërs 12:12-13). Die wêreldwye Gemeente (Kerk) kan alleen doen wat gedoen moet word as die Gemeente hierdie verskeidenheid besit. En die wêreldwye Gemeente (Kerk) kan alleen wees wat dit moet wees as die Gemeente vanuit die één Hoof, naamlik Jesus Christus, bestuur en beheer word.

(3) Christene behoort wedersyds afhanklik van mekaar te wees.

Lees 1 Korintiërs 12:21-27.

Aantekeninge. Daar is in die Gemeente (Kerk) geen enkele rede vir minderwaardige of meerderwaardige gevoelens en beoordelings nie. Die oog het die oor nodig en die hand het die voet nodig. Elke lid is noodsaaklik vir die Liggaam van

Christus om te funksioneer. Die lede omring mekaar met dieselfde sorg (1 Korintiërs 12:25), d.w.s. dat hulle “die verskillende verantwoordelikhede vir mekaar” (soos “mekaar se laste dra”, “mekaar aanspoor” en “mekaar bemoedig”, ens.) nie alleen binne die plaaslike gemeente uitoefen nie, maar ook in die wêreldwye Gemeente! Dit is ware ekumene!

2. Funksie en vorm.

(1) Historiese vorms in die Gemeente.

Vraag. Wat is historiese voorbeelde van vorme in die Gemeente?

Aantekeninge. Christene behoort die christelike funksies in gepaste en eietydse vorme in te klee.

- Die Christene het elke dag bymekaar gekom (Handelinge 2:46) in plaas van elke week (Handelinge 20:7).
- Die Christene het byeenkomste in die tempel (voorhof) gehou (Handelinge 2:42,46) in plaas van in 'n huis (Romeine 16:5).
- Die Christene het die breek van die brood (die maaltyd van die Here = nagmaal) met hulle maaltyd tuis gekombineer (Handelinge 2:42,46) i.p.v. om dit tydens hulle samekomste te vier (1 Korintiërs 11:17-22).
- Die Christene se vrygewigheid het na vore gekom, deur hulle besittings gemeenskaplik te besit en aan behoeftiges uit te deel (Handelinge 2:44-45; Handelinge 4:34-35) i.p.v. om gereelde insamelings te hou (1 Korintiërs 16:1-2).
- Die Christene het onverwagte probleme opgelos deur diakens te kies en aan te stel (Handelinge 6:1-7) i.p.v. gewone christene te motiveer om hierdie take uit te voer (Markus 13:34; 1 Petrus 4:10-11).
- Die christene het nuwe gelowiges met water gedoop in 'n huis (Handelinge 9:17-18; Handelinge 10:47-48; Handelinge 22:16) i.p.v. by 'n rivier (Markus 1:4-8).
- Die Christene het mekaar gegroet met 'n heilige soen (2 Korintiërs 13:12).
- En die Christene het die voorbeeld van die Ou Testament gevolg deur met opgehefde hande te bid (1 Timoteus 2:8; vgl. Psalm 134:2).

Maar let op: Nêrens in die Bybel word Christene geleer of beveel om dieselfde vorme te volg nie! Nêrens in die Bybel word hierdie vorme op Christene afgedwing nie!

(2) Historiese vorme wat in tradisionele funksies verander is.

Vraag. Wat is voorbeelde in die Bybel van uiterlike vorme wat in die funksies verander is?

Aantekeninge. Die wêreldwye Gemeente (Kerk) word gewaarsku om nie sommige van hulle tradisionele vorme in funksies te verander nie.

- Tradisionele vorme in geestelike kringe is soms heeltemal teen wat die Bybel leer. Christene mag byvoorbeeld nie okkultisme of paranormale elemente soos joga, spiritisme, reiki, handpalm lees, ens. uit hulle kultuur in hulle gemeente invoer nie (Deuteronomium 18:9-13).
- Christene mag nie tradisionele vorme in hulle gemeente voortsit as hierdie tradisionele vorme die Woord van God kragteloos maak nie. Die voortgaan met tradisionele vorme wat die Woord van God (die Bybel) ongeldig maak, moet onmiddellik beëindig word. Byvoorbeeld, die Fariseërs het uitwendige vorme (die was/afspoel/doop van hande voor die ete en die afspoel van bekere, kruike, ketels ens.)(Markus 7:1-5) in verpligte funksies verander!
- Die aanstelling van één (en dan nog ook 'n outoritatêre) leier in die plaaslike gemeente (3 Johannes 9-11) i.p.v. 'n raad van ouderlinge (Handelinge 20:17,28; 1 Timoteus 4:14) skend die duidelike onderrig van die Bybel. In die Bybel is plaaslike gemeentes selfstandig en word elkeen deur 'n raad van ouderlinge gelei (Handelinge 14:23; Handelinge 20:17,28; Titus 1:5).
- Die afforseer van één bepaalde vorm van doop met water, byvoorbeeld die doop met water deur besprinkeling of die doop met water deur onderdompeling, wat trouens nêrens in die Bybel geleer of beveel word nie, maak inbreuk op die duidelike onderrig van die Bybel. “Hou jou binne die perke wat God gestel het.” (1 Korintiërs 4:6). Die betekenis van die christelike doop met water word heel duidelik in die Bybel geleer, maar die vorm van doop met water word nie in die Bybel geleer of beveel nie.
- Christene moenie bly vashou aan tradisionele vorme as hierdie vorme hulle betekenis verloor het nie. Jesus Christus het uiterlike vorme veroordeel as dit alleen maar vir die skyn van vroomheid gehandhaaf word (Matteus 23:25-29).
- Hoewel elke christelike funksie in een of ander vorm uitgedruk word, mag tradisionele vorme in die gemeente nooit die duidelike onderrig van die Bybel vermink nie (Matteüs 15:1-9), moet hulle steeds betekenis bly hê en mag hulle nooit op ander Christene (wat miskien 'n ander vorm voorstaan) afgedwing word nie. Die apostel Paulus waarsku teen die oplê en handhawing van vorme (bv. die besnydenis) alleen maar “om 'n goeie indruk te skep” of “om te voorkom dat ander Christene wat hierdie tradisionele vorm voorstaan hulle sou vervolg nie” (Galasiërs 6:12-16)!

(3) Historiese vorme wat Bybels en kontekstueel (goed aangepas by die kultuur van die volk) is.

Vraag. Watter eietydse vorme is Bybels en ook kontekstueel (goed aangepas by die kultuur van 'n volk)?

Aantekeninge. 'n Gemeente sou sy funksies moet uitdruk in kontekstuele vorme wat uit die Bybel verantwoord kan word. Die vorme in die gemeente mag nooit die duidelike onderrig in die Bybel skend of verdraai nie.

- **'n Groep met 'n gemeenskaplike netwerk van verhoudings** (Handelinge 10:24,27).

Die Romeinse offisier Kornelius het die apostel Petrus uitgenooi om sy familie en vriende in sy huis (Grieks: oikos) te kom toespreek. Hierdie groep heidene (nie-Jode) wat in 'n gewone huis bymekaar gekom het, het die eerste gemeente ('n huisgemeente) onder die heidene geword. Watter familielede, vriende, bure en kollegas sou jy in 'n huis bymekaar kan laat kom om die evangelie aan hulle te vertel?

- **'n Groep met 'n gemeenskaplike sosiale struktuur** (Handelinge 16:13-15,29-34).

Die apostel Paulus het 'n groep mense toegesprek wat by 'n rivier bymekaar gekom het om te bid. Lidia sou gereken kon word as die eerste dissipel van Jesus Christus in Europa. Die lede van haar huishouding (Grieks: oikos) het ook Christene geword. Paulus het ook gepraat met 'n bewaarder van die gevangenis in Filippi en hy en sy hele huishouding (Grieks: panoikei) het ook dissipels van Jesus Christus geword. 'n "Oikos" is 'n groep mense met 'n gemeenskaplike sosiale struktuur wat die volgende insluit: woon op dieselfde plek, wat saam werk (as werkgewer en werknemer) en saam God aanbid. Watter groep mens vorm 'n familie of huishouding in die area waar jy woon wat jy kon nader met die evangelie? Kyk bv. na die volgende: studente, militêre personeel, klein selfstandige groepies, jong getroude gesinne, fabriekswerkers, 'n klein groepie mense wat by verre in die minderheid is, asielsoekers, 'n kaste of groep sonder enige sosiale status, 'n stam wat iewers op hulle eie bly, ens.

- **'n Groep met 'n gemeenskaplike belangstelling** (Handelinge 17:1-4; Handelinge 18:7-8; Handelinge 19:8-10).

Soos gewoonlik het Paulus weekliks 'n groep mense uit die plaaslike sinagoge (of ander godsdienstige groepering) byeengebring om die Bybel met mekaar te bespreek. Sy doel was om hulle te oortuig om dissipels van Jesus Christus te word. Watter groep geïnteresseerdes in enige gemeente, godsdien, sportvereniging, ens. sou jy byeen kon bring om die Bybel met hulle te bespreek?

(4) Riglyne vir vorme in die gemeente.

Vraag. Watter riglyne sou die vorme in die Gemeente moet bepaal?

Aantekeninge. Vier riglyne is belangrik vir die kies van vorme in die Gemeente.

- **Die eerste riglyn is aanbidding in gees en waarheid** (Johannes 4:19-24).

Jesus Christus het aangekondig dat die tyd aangebreek het om alle vorme van aanbidding uit te druk "in gees en waarheid" Die houding waarmee Christene God behoort te aanbid mag nie "uiterlike vertoon" wees nie (vgl. Jesaja 1:13-15), maar moet innerlike opregtheid wees. Hulle behoort andere opreg te vergewe, hulle eie lewens opreg te onderwerp en toe te wy aan Christus en hulle veral daarop in te stel om God te ken en met Hom om te gaan.

- **Die tweede riglyn is aanbidding in volkome ooreenstemming met die Bybel** (1 Korintiërs 4:6).

Die profete in die Ou Testament het altyd gesê: "So sê die Here die Almagtige" (Jeremia 11:22). En Jesus Christus het telkens gesê, "Daar staan geskrywe" (Matteus 4:4). Daarom pas die apostel Paulus hierdie reël op homself en sy medewerkers toe: "Om nie te gaan bo dit wat daar (in die Bybel) geskrywe staan nie"! Christene behoort God nie te aanbid met tradisies wat die Bybel skend/vermink nie. Hulle behoort God te aanbid in ooreenstemming met die openbaring in die Bybel.

De openbaring in die Bybel is nie staties nie maar gaan voort. Die ou verbond het oorgegaan in die nuwe verbond (Hebreeërs 8:5-13). Daarom moet die Ou Testament altyd uitgelê word in die lig van die Nuwe Testament. Baie funksies en vorme in die Ou Testament is vervul en is daarom in die Nuwe-Testamentiese periode nie meer van toepassing nie. Byvoorbeeld, die funksies in die seremoniële of rituele wet in die Ou Testament is vervul (Matteus 5:17), uitgewis (Kolossense 2:14) en afgeskaf (Efesiërs 2:15). Die seremoniële of rituele wet het bestaan uit wette m.b.t. heilige ampte (priesters en Leviete), heilige plekke (tabernakel en tempel), heilige tye (Sabbat en godsdienstige feestye) en heilige handeling (besnydenis, rituele wassing, offerandes, tiendes, rein voedsel, ens.).

Die apostel Paulus het duidelik opgeteken hoe die gemeente (Grieks: ekklesia) as God se huishouding (Grieks: oikos) hulle moet gedra en watter leiers die gemeente moet kies (1 Timoteus 3:15). Hy het "instruksies" gegee (in de eerste brief aan Timoteus) oor die gesonde leer, oor die openbare aanbidding, oor die verhoudings tussen manne en vroue in die gemeente, oor die aanstelling van ouderlinge en diakens, oor spesiale groepe in die gemeente soos ouer vroue, slawe en die rykes, en oor toewyding aan God, geregtigheid, geloof, liefde en sagmoedigheid.

- **Die derde riglyn is aanbidding m.b.v. funksies wat nuttig en opbouend is** (1 Korintiërs 10:23).

Bepaalde funksies in die gemeente is verpligtend; andere is geoorloof, maar nie noodsaaklik of verpligtend nie. Hoewel bepaalde funksies in die gemeente geoorloof kan wees, is hulle nie in alle omstandighede nuttig of opbouend nie. Die eet van vleis en drink van wyn is geoorloof, maar sekerlik nie altyd nuttig en opbouend nie, omdat bepaalde groeperings van mense vegetaries of geheelonthouers is, m.a.w. mense wat van oordeel is dat die eet van vleis en die drink van wyn verkeerd is. Christene mag nie neerkyk op mense wat vegetaries of geheelonthouers is nie, maar ook nie mense wat wel vleis eet en wyn drink veroordeel nie (Romeine 14:1 – 15:7). Liefde hou rekening met die gewete van ander mense. Die enigste motief om iets te doen of nié te doen nie is om alles tot eer van God te doen (1 Korintiërs 10:23-33).

- **Die vierde riglyn is aanbidding ooreenkomstig God se roeping en sy aangewese taak** (1 Korintiërs 3:5-15).

Hoewel die wêreldwye Gemeente alle Bybelse funksies en take verrig, beperk God se roeping elke Christen tot bepaalde funksies. Dit is God wat mense tot verskillende take roep. Elke taak kan verskillende vorme aanneem, omdat die Godgegewe talente (vermoëns) verskil, die groeifases van christene verskil, die mate van hulle toewyding verskil en ook hulle prestasies verskil. Nie alle Christene bou met "goud en kosbare stene" nie.

God se roeping en toerusting is 'n verantwoordelikheid, maar tegelyk 'n verligting, omdat nie elke wonderlike geleentheid nagejaag hoef te word nie en nie elke bediening in die wêreld noodwendig deur jou uitgevoer moet word nie. Christene moet hulleself ook beperk!